




# IBBY SA



email: sacbf@worldonline.co.za

Books for Africa Newsletter email: booksforafrica@iafrica.com

website: www.ibbysa.org.za

NEWSLETTER NO. 1

2013

- IBBY SA is the South African section of IBBY.
- IBBY is the International Board on Books for Young People.
- IBBY SA's area of interest is everything to do with South African books for children and young people.

- If you are a member of IBBY SA, you are also a member of IBBY.
- IBBY's 2004 World Congress was hosted by IBBY SA in Cape Town.

Wamkelekile! Sithemba ukuba uza kuthanda ukufunda eli phepha eli futshane eli neendaba.  
Come on in, and enjoy what the newsletter has to offer by way of news and thought-provoking ideas!

## >> INTRODUCING THE CHILDREN'S BOOK NETWORK:


### Children's Book Network

~ *Books to children - Children to books* ~

Children's Book Network has three purposes:

- To provide an active electronic platform for networking, communicating and taking positive action to bring more books to children and children to books
- To offer support and mentorship to new writers and illustrators and to help them to publish their work, either in print or electronically
- To work with communities in promoting books, libraries and creative writing for children, to identify and use the network to address with them specific problems and needs through custom-designed workshops and events

Contact person: Lesley Beake - lesley@lesleybeake.co.za 082 646 4420



Children's Book Network

## >> IBBY SA IS ON FACEBOOK...

'Like' us on facebook and follow all the latest news on SA Children's Literature and see what IBBY SA is up to!

facebook

## >> IBBY SA'S NEW BOOKBIRD CORRESPONDENT:



Well the new bookbird correspondent is not actually so new to IBBY SA...Jay Heale has been a big part of not only South African children's Literature but also IBBY SA. He has been the Chairperson of IBBY SA AND is doing the work of 'Bookbird Correspondent' for the second time. We really thank Jay for playing this very important role and for his continued support to IBBY SA.

## >> IBBY SA AND JUNKETS SHARE A STAND AT THE ISASA CONFERENCE




# >> RESENSIES / REVIEWS

STEYN, ESTA: *DIE KOLONEL* (H&R, 2012) ILLUSTRASIES DEUR LUAN SERFONTEIN.

Wat 'n heerlike versameling van ses speurkat-stories deur 'n skrywer wat werklikwaar kan skryf! Dit was nou sommer lekker om van al die Kolonel se katte-mannewales te lees. As hy nie deur sy lus vir die bokkoms op Mevrou Meintjies se stoep bloot toevallig so die diewe vastrek nie, is hy besig om daggaa smokkelaars te help aankeer, hierdie keer met die hulp van Vandalucia die gevaaarlike snuffelhond. Dan weer speel hy kat en muis waar hy eintlik Houdini die gevaaarlike dief moet oppas; meer bekommerd oor die peslike muis wat hom bly ontwyk; of hy red die burgemeester se ketting terwyl die grys papegaai in die kantoor hom verpes; maar uiteindelik tog dit duidelik maak datdie Kolonel eintlik sy nuwe maatjie is.


Altyd maar bly sy groot liefde vir 'n lekker stukkie kaas of 'n piercingkie melk 'n groot motivering om te help skurke aankeer. So sit hy die dief agterna wat die stuk kaas uit die Griek Costas se kafee gesteel het, op die trein daarmee gespring het en selfs die Kolonel ook in die streepsak gedruk het. Maar met 'n magtige sprong is hy weer deur die treinvenster; net om sy polisie kollegas te help.



Maar dis wanneer die Kolonel hoor klokkies lui toe hy die pragtige wit katjie Katryntjie gewaar dat die ses stories eindig met die Kolonel wat haar eienaar in die bank agtervolg net om hom ook in in die voornemende bankrower vas te loop. Gelukkig is daar 'n goeie einde; die Kolonel en Katryntjie hoor trouklokkies lui!

Ai, ek was regtig spyt toe ek die laaste storie lees en is lus vir sommer nog baie meer stories oor die Kolonel. Die skrywer het 'n vaardige sekure aanslag; die humor is lekker; en elke incident oortuigend en baie vermaaklik. Hoogs aanbeveel. Skryf asseblief nog!

**Lona Gericke**



MALAN, ROBIN: *MY 'FUNNY' BROTHER* (JUNKETS, 2012)

Missy, the youngest child in a family of five, narrates the story of her relationship with her two brothers, and also with her mother and father. She worships her brother Donovan; also referred to as Donnie or Donna, because he is very happily gay.

When the story begins she is in Grade 3 and Donovan in Grade 11. The older brother Reginald wants to become a policeman when he finishes school.

She talks about her loving relationship with her funny-peculiar brother who plays with her; and who is always an amusing and entertaining companion. The family is a happy one; the story is told in a simple unpretentious style, and as events unfold we are also introduced to Donovan's boyfriend Zaid. But when Zaid is offered the opportunity to study in America at the Yale School of Management, he has to leave Donovan behind.

At this point in the story a telephone call reaches the family one night, informing them that Donovan is in hospital, having been severely beaten up outside a club. The family learns also that he is

now paralysed from the waist down and may never walk again. Eventually Zaid returns home to support Donovan and to help with his care.

From this incident the story intensifies in meaning and one learns how the family and friend deal with this tragedy; in the process, everybody becomes wiser and they even learn to forgive his attackers.

This is an important contribution to gay literature; especially as the narrator is a young girl who clearly loves and admires her gay brother. In fact, this is a family that accepts gayness, clearly teaching the reader that families can form indestructible bonds in their love and commitment to every member.

There are funny, light-hearted moments; a bit of instruction in the use of words and their meanings; and the most beautiful part is undoubtedly the love poem on page 78/79, entitled 'Me and my man', in extract:

hey, man, you with your head in the clouds!  
walk with me on the high mountain-tops.  
your hand in mine, shout out loud  
so that the echo leaps and hops!  
shout out loud that you love me ...

Recommended for private and school collections and libraries.

**Lona Gericke**

# >> RESENSIES / REVIEWS



## VERSAMELING STORIES:

HARTMAN, BOB EN NAGY, K: *DIE GROOT STORIEVERTELLER DIEREBOEK* (H&R, 2012)

Ou en nuwe dierestories word aangebied in 'n mooi versorgde boek met 'n uiters aanloklike omslag; die illustrasies is gedoen deur Krisztina Nagy. Afrikaans deur Wiesie Rousseau.

36 stories, uit Antieke Griekeland, Afrika, Noord-Amerika, Indie en China onder andere, elk lekker kort vir voorlees of selflees veral as ouers met slaaptyd wil voorlees.

Van 'n goedhartige pappegaai, n leeu wat raad gee; 'n verwaande brulpadda; die mol se bruidegom; hoekom skilpad bles is; en hoe haas sy stert verloor het; al hierdie interessante diere vertel 'n eie verhaal om die luisterraar te bekooor en hul verbeelding aan te gryp. 'n Nuttige toevoeging tot alle versamelings van boeke met baie stories vir lekker lees.



*STORIEMAN OMNIBUS 2, SAAMGESTEL DEUR LEON ROUSSEAU (H&R, 2012)*

Uit die bekende Storieman-reeks word die oorspronklike voorlesings aangebied, vergesel van twee audio-CD's. Bekende sprokies sowel as klassieke verhale soos Racheltjie de Beer word hier opgeneem; en kinders kan sonder hulp ook maklik na die CD's luister.

Daar is altyd 'n groot behoefte aan materiaal waar die CD's ook bygebring is vir lekker luister, selfs in die motor.

Jacobs, Jaco en Davel, Anna: *In die land van Kammalielie* (LAPA, 2012)



Jaco Jacobs se bundels Die Teddiebeerbus en Oempakadoempa is deur Davel gebruik waaruit verse gekies is om te toonset. Die 21 snitte op die album word gesing deur Davel en die Jakanda-kinderkoor. Anna vertel: "Ek hoop kinders dans, sing, klap en lag uitbundig saam met ons. Daar is baie humor, bewegings en aksie in die liedjies wat kinders se verbeelding kan aangryp. Ons het geen moeite ontsien om van die land se beste musikante te gebruik om die verwerkings so afgerond moontlik te maak nie" Hoogs aanbeveel vir kleuterskole, speelgroepe, biblioteke en huisversamelings.

MEYERS, NANCY: *MY EERSTE LEERBOEK* (H&R, 2012). AFRIKAANS DEUR SIMONE HOUGH.

Die oefeninge in die boek bied aan ouers die geleentheid om hul kinders te leer om op 'n maklike en prettige manier te leer hoe om eerste letters en syfers te vorm. Die eerste paar bladsye bied die geleentheid om te oefen hoe om 'n potlood of pen vas te hou voor hulle begin skryf.

Op elke teenoorgestelde bladsy is daar 'n prentjie waar hulle soos bv. Die letter t kan gebruik om vir 3 eendjes bene gegee; en woorde wat met die letter t begin kan gebruik word vir die aanleer van nuwe woorde.

'n Handige boek wat ouers kan aanskaf vir die kleintjies.



STILEMAN, KALI: *DIE GROOT BIEK VIR KLEINGOED* (H&R, 2012)

'n Aantreklike groot-formaat boek met volgens die skrywer alles wat kleuters moet weet!

Eerste konsepte, eerste woorde, 'n geleentheid om dinge te soek en te vind; gunsteling speelgoed, klere, masjiene, groente en vrugte en wilde diere; en in die laaste seksie aktiwiteite soos om 'n vorm by die prentjie te pas; 'n prent wat die weerverskynsel uitbeeld daarby te groepeer; seisoene te identifiseer; in elke prentjie iets te vind wat nie daar hoort nie; en verskille in twee prente raak te sien. Op die laaste bladsy word die antwoorde t.o.v die take ook gegee.

Ouers en onderwysers sal die boek kan gebruik saam met die kind om 'n verskeidenheid vaardighede aan te leer.

# >> RESENSIES / REVIEWS


DR. SEUSS: *DIE LORAKS* (H&R, 2012)

Hierdie is die tweede druk waar die eerste uitgawe in 1971 verskyn het. Die Afrikaanse beryming is deur Leon Rousseau gedoen.


Die gewilde Dr. Seuss se boeke bly deurgaans 'n groot aantrekingskrag inhoud vir jong lesers; en dit is dus belangrik dat herdrukke wel gedoen word sodat veral biblioteke nie uit voorraad raak nie. Ek is altyd dankbaar as ek 'n geliefde skrywer se boeke weer in druk sien!

'n Vermaaklike en verbeeldingryke storie in rym met 'n sterk ongewingsbewarings boodskap: "My naam, is die Loraks, ek woon in die woud, en wat jy hier kom doen, maak my baie benoud. Vir eers wil ek weet waste ONDING het jy van my lieflike troefaladonse kom brei?"

Hoogs aanbeveel!



## NIE-FIKSIE:



VAN RIET, SAMANTHA: *KNOLLE, BOLLE & TUINKAPERJOLLE* (TAFELBERG, 2012).  
ENGELSE TITEL: *ROOTS, SHOOTS & MUDDY BOOTS*

In hierdie pragtige groot formaat boek word kinders tussen 6-9 jaar op 'n praktiese manier geleer hoe om hul eie groente te plant; gevvolg deur idees vir resepte en kunsprojekte.


Die skrywer se liefde vir tuinmaak spreek duidelik uit elke bladsy waar die lesers hulk aan verlustig in pragtige fotos geneem deur Allen Goosen en Annelize Blom. Kinders is gefotografeer waar hulle self plant en grond voorberei, water aandra, en met hande-vol heerlike wortels, bonde en ander groente vrolik vir die fotograaf glimlag.

Enige kind en selfs volwassene wat nog besluit of hul self sal wil tuinmaak sal met die lees van hierdie aantreklike boek gou oortuig word dat die tog baie lekker kan wees! Daar is belangrike inligting oor elke spesifieke groentesoort -die plant, saai en oes daarvan, gevvolg deur lekker resepte.

Besonder handig is ook die handwerk-idees, soos hoe om 'n blikmannetjie te maak, n skoen-lapperprent, n collage van die son, en nog veel meer.

Daar is min boeke vir kinders in Afrikaans oor tuinmaak, en hierdie boek maak 'n belangrike bydrae tot sulke versamelings. Vir elke biblioteek en huis.

## VIR OUER LESERS:



NESER, CHRISTIEN: *ROCKUSTERS* (LAPA, 2012)

Hierdie is die vierde titel in die gewilde reeks met Elle as die hoofkarakter en Alex as die ou wat haar hart vinniger laat klop! Die eerste boek Kondensmelk is gevvolg deur Koshuiskoffie en Blou sjokolade.

Ek onthou hoe beindruk ek was destyds toe ek Kondensmelk gelees het. Hierdie skrywer verstaan die emosionele en geesteswereld van 'n tiener; en sy skryf boeiend, maar ook lekker gemaklik en met 'n tikkie humor. In Rockusters kan die orkes aan die Musikanto landswye skole fees deelneem; geld moet ingesamel word vir 'n ordentlike blyplek sodat Elle en haar vriendinne moet koekies bak wat hulle aan die seuns verkoop. Divan hulle besluit om 'n rockgroep te begin, en hulle klink baie vrot. Elle met haar klassieke opleiding moet help om hulle beter te laat klink en miskien selfs te laat wen. En dan is daar die nuwe meisie Leya; sy dra swart en sluip snags in die donker rond. Maar Leya kan klavierspeel; en die meisies werk saam om sukses te behaal.

Lees netso lekker soos die vorige boeke in die reeks; 'n skoolstorie vir seuns en meisies; vol energie en sterk emosies. Hoogs aanbeveel.

OOSTHUYSEN, JANIE: *OUENS IS NES EKSTRA BAGASIE* (H&R, 2012)

Die oorspronklike titel in die 1997 uitgawe was Eggo's van gister.

In hierdie reeks verskyn daar 6 boeke. Hierdie is die 4de titel in die reeks. Hierdie lekker-lees boeke vir meisies word her-uitgegee met pragtige aantreklike moderne omslae wat dadelik die aandag trek en meisies lus sal maak om die boeke te lees. Die skrywer is welbekend in die kinderboek-wereld, en is ervare en 'n bekroonde skrywer.

